BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 11

Die Gees maak vry.

Die Heilige Gees skep die nuwe lewe in 'n mens. Aan die een kant is die vernuwingswerk genade alleen. Die begin daarvan, die wedergeboorte in enger sin, is volledig die werk van God die Heilige Gees. Maar daarmee saam moet ons nie dink dat die mens maar werkloos bly nie. Nee! Die voortgaande vernuwing [heiligmaking] is iets wat hy met al sy kragte moet soek. Daarmee saam verduidelik Paulus dat die Heilige Gees die waarborg of deposito van God se kant is. Ons sal alles van Hom ontvang wat Hy in die Woord aan ons belowe het. Dit bevestig dat ons God se eiendom is. Hy het so duur vir ons betaal en ons is so kosbaar vir die Here, dat Hy die Heilige Gees as deposito in ons lewe gegee het. Die Heilige Gees is die versekering dat die res van God se erfporsie by die wederkoms vir ons wag.

In les 11 gaan ons sien dat die Heilige Gees ons kom vrymaak het van die sonde. Hy maak ons vry sodat ons ons verhouding met Christus kan geniet.

1. LEES Johannes 8:31-36.
   Wat bedoel Jesus in vers 36 as Hy sê dat slegs wanneer Hy ons vrygemaak het, is ons werklik vry?

2. LEES Kolossense 2:12-15.
   Die Heilige Gees breek alle sondebande in sy kinders se lewe. Hy maak ons nuut. Hoe beskryf Paulus dit in Kolossense 2:12-15?

3. LEES 2 Korintiërs 5:17.
   Wat is die eerste belangrike ding wat ek as Christen moet weet?
   Hoe gebeur dit volgens vers 18-21?

4. LEES Romeine 5:1 en 8:1.
   Is God nog kwaad vir my as Christen?

5. LEES Romeine 8:6-17 en 8:31-39.
   Hoe lyk ons erfporsie volgens hierdie gedeeltes?

Party kerkmense begryp nie hoe omvattend die Heilige Gees se werk regtig is nie. Vir hulle bestaan godsdiens maar net uit die gehoorsaamheid aan 'n lang lys moets en moenies. Hulle is net besorg oor wat reg en verkeerd is. In Matteus 11:27-30 sê Jesus dat Hy gekom het om ons vry te maak van 'n wettiese en neerdrukkende godsdiens. Sy juk is sag en sy las is lig. Vir Jesus bestaan godsdiens nie in die uiterlike nakom van 'n lang lys wette en voorskrifte nie. Die Heilige Gees maak ons vry sodat ons ons verhouding met Christus kan geniet.

6. LEES Kolossense 2:16-23.
   Hoekom waarsku Paulus in hierdie gedeelte teen die uiterlike onderhouding van heilige dae en allerhande voorskrifte oor wat mens mag eet en wat nie?

7. Ware godsdiens laat jou van binne af verander. Hoe beïnvloed sulke verandering jou optrede?

B. <u>ANTWOORDE</u>.

1. Jesus praat met gelowige Jode. Hy verduidelik dat ons as mense slawe van die sonde is en daarom nie vry is nie. Alleen iemand wat in Jesus Christus glo, kan 'n kind word in God se huishouding en staan onder die volle werking van die Heilige Gees wat jou nuut maak. Niemand kan jou van God se liefde skei nie. Dit is ware vryheid.

2. Wie in Jesus Christus glo se ou natuur en straf vir die sonde is aan die kruis vasgespyker. God het ons onskuldig verklaar en daarom leef ons nie meer onder die krag en mag van die sonde nie. Ons leef nou volledig onder gemeenskap met God omdat die Heilige Gees in ons leef en werk.
3. Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Dit alles is God se werk. Hy het ons met Hom versoen deur ons sondes te vergewe en ons regverdig te maak. Op die wyse is die verhouding tussen God en mens herstel. Daar het weer vrede gekom. Onder leiding van die Heilige Gees leef ons nou as nuwe mense.
4. Nee! Op grond van ons geloof in Jesus Christus het God ons vrygespreek. Hy veroordeel ons nie meer nie. Daar is nou vrede tussen ons en God.
5. Jy word deur die Heilige Gees beheers en dit hou die volgende in:
   - Ons het die ewige lewe en vrede met God.
   - Die Gees van God woon in ons.
   - Ons het die belofte van die opstanding van die liggaam.
   - Ons is kinders van God.
   - God is ons Vader.
   - Ons is erfgename van God en sy heerlikheid.
   - Christus self pleit vir ons by die Vader.
   - Niemand kan ons van God se liefde skei nie.
   - In Christus is ons meer as oorwinnaars.
6. In 2:16-19 val die volle fokus op Jesus Christus. Die gelowige is vry van alle voorskrifte en reëls van hoe om te aanbid. Die klem val nie op die uiterlike seremonies nie, maar op Christus alleen.
   In vers 20-23 verduidelik Paulus dat allerhande reëls en godsdienstige handelinge die fokus van Christus af kan wegneem. Ons verlossing hang nie af van ons selfdissipline en vermoë om reëls na te kom nie, maar van ons geloof en verhouding met Jesus Christus. Dit moet verinnig en verdiep onder leiding van die Heilige Gees.
7. Die Heilige Gees maak ons vry sodat ons ons verhouding met Christus kan geniet. Hy bou 'n soort vryheid in ons lewe in wat nie van uiterlike omstandighede of godsdienstige reëls afhanklik is nie. Hy bring 'n vrede in ons wat selfs ons verstand te bowe gaan. So het die Heilige Gees ons uit die mag van die sonde verlos sodat ons elke dag in die volheid van sy genade kan leef. So sal ons lewe regtig soos tempels begin lyk.

****